**Dinsdag 6 Desember**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 6:24-33 (OAV)**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 6:24**

## Weerloosheid van wag

"Ek het al só lank op die Here gewag. Wanneer gee Hy dan uitkoms? Dinge word net al erger en erger! Ek kan nie meer wag nie. Iets moet nou gedóén word om die situasie te verander. Die eerste ding om te doen, is dit: neem afskeid van die Here. Ek gee nou my geloof op … en daarmee saam ook my hoop … God het my totaal teleurgestel …"

Dis nie vreemd om hierdie soort hartskrete in ons tyd te hoor nie, is dit? Miskien klink dit soms bitter in jou en my eie hart op. Dit is selfs 'n koning, nogal uit die verbondsvolk van die Ou Testament, wat hier in ons teksvers so uitroep: "Kyk, hierdie onheil kom van die HERE; wat sou ek langer op die HERE wag?"

Moenie hom te hard oordeel nie! Hy het verskriklike dinge gedurende daardie beleg van sy stad beleef: die gruwelikste hongernood, dat 'n vrou bereid is om haar kind te kook en te eet … wat kan daar erger wees? En die koning kan absoluut niks aan die ellende doen nie? Hy moet maar net wag en hoop en hom verootmoedig …

Wie kan die weerloosheid van gelowig wag op die Here uithou? Nie een van ons met al ons bravado nie! Daar is net een manier: "Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus" (1 Tess. 3:5).

*Sing: Psalm 130:3*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*